

Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V1

NOVEMBER 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 120

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 40 bladsye.

AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)**(90 minute)****AFDELING A moet op die VRAESTEL beantwoord word.**

**Beantwoord VRAAG 1
EN VRAAG 2.1 OF 2.2
EN VRAAG 3.1 OF 3.2
EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

VRAAG 1**(25 minute)**

- 1.1 Dui die korrekte tydmaatteken-verandering op die notebalk onder elke asterisk (*) aan.

Antwoord:

1 + 1

(2)

- 1.2 Skryf die enharmoniese ekwivalent van die gegewe toonsoortteken.

Antwoord:

1 punt
Geen ½ punte

(1)

- 1.3 Skryf EEN majeurdrieklank wat in die G blues-toonleer voorkom. Skryf die drieklank in grondposisie.

Antwoord:

OF

1 punt
Geen ½ punte
Enige nootwaarde is aanvaarbaar

(1)


- 1.4 Skryf die verminderde drieklank wat diatonies in die toonsoort van E majeur voorkom. Skryf die drieklank in eerste omkering.

Antwoord:

½ punt vir foutiewe posisie
Enige nootwaarde is aanvaarbaar


(1)

1.5 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.



1.5.1 Noteer die omkering van die interval by (M) sonder toonsoortteken.

Antwoord:




1 punt
Geen ½ punte
Enige nootwaarde is aanvaarbaar

(1)

1.5.2 Verander die onderste noot by (N) om 'n interval van 'n verminderde 5^{de} te vorm. Noteer die interval hieronder.

Antwoord:



1 punt
Geen ½ punte
Enige nootwaarde is aanvaarbaar

(1)

1.5.3 Gee die tegniese naam vir die tweede noot in maat 3.

Antwoord: Submediant

1 punt

(1)

1.5.4 Verduidelik hoe hierdie uittreksel in terme van tempo uitgevoer sal word.

Antwoord:

Dit begin vinnig/lewendig en word geleidelik stadiger aan die einde.

Vinnig/lewendig = ½ mark
Geleidelik stadiger = ½ mark

(1)

1.6 Skryf die toonlere hieronder volgens die gegewe instruksies.

1.6.1 Voeg SES note onder die asteriske (*) by om 'n afgaande Doriese modus te vorm.

Antwoord:




*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte
Kandidate hoef nie halftone aan te dui nie*

(2)

1.6.2 Die opgaande verwante melodiese mineurtoonleer van G majeur

Antwoord:



*Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte
Kandidate hoef nie halftone aan te dui nie*

(2)

1.6.3 'n Opgaande heeltoonleer wat op die gegewe noot begin

Antwoord:



OF



Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte

(2)


[15]

VRAAG 2**(25 minute)****Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**

2.1 Gebruik die opening hieronder om 'n twaalfmaat-melodie in drieledige vorm te skep. Skryf in solfanotasie OF in balknotasie.

Konsep-antwoord:


A Doh is D



d' : s . l : s . , m | f :


Imperfect cadence in D
Onvolmaakte kadens in D
Perfect cadence in A/G/b
Volmaakte kadens in A/G/b

B



Imperfect cadence in D
Onvolmaakte kadens in D
Perfect cadence in A/G/b
Volmaakte kadens in A/G/b

A'



d' : s . l : s . , m | f :

Perfect cadence in D
Volmaakte kadens in D

Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.


BESKRYWING	PUNTETOEWYSING	
Vorm en kadenspunte	1 punt per frase x 3	3
Notasie Solfanotasie: ritme- en toonhoogte-aanduidings Balknotasie: polsslae per maat, nootstele, groepering en skuiftekens	Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte	2
Kwaliteit Musikaliteit: omvang, kontoer, geïmpliseerde harmonie	9–10 Uitstekend Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van tonaliteit; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme	10
	7–8 Goed Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele tonaliteit; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat	
	4–6 Gemiddeld Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; aanvangsmotief nie goed gebruik; tonaliteit onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos	
	0–3 Onaanvaarbaar Maak geen musikale sin; frases maak nie sin nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen tonale sin; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme onsamehangend	
TOTAAL	Nasieners mag ½ punte gebruik	15

[15]

OF

2.2 Skryf 'n oorspronklike twaalf-maat melodie in drieledige vorm in solfanotasie OF balknotasie. Skryf vir enige enkellyn melodiese instrument OF stemtipe van jou keuse. Noem die instrument OF stemtipe.

Gebruik die volgende elemente om 'n sinvolle melodie te skep:

- Plagale kadens aan die einde
- Ritmiese motief: 

Solfanotasie:

- La is G


Balknotasie:

- Diskantsleutel OF bassleutel OF altsleutel
- Toonsoort: G mineur


Konseptantwoord:


Instrument/Stem:

- Diskantsleutel Sopraan/Alt/Tenoor/Saksofoon/Klarinet/Fluit/Trompet/Viool, ens.
- Bassleutel: Bariton/Bas/Tjello/Fagot/Tromboon/Eufonium, ens.
- Altsleutel: Altviool


A 

La is G





Solfa: 

Imperfect cadence in g
Onvolmaakte kadens in g
Perfect cadence in B \flat
Volmaakte kadens in B \flat


B 

5







Imperfect cadence in g
Onvolmaakte kadens in g
Perfect cadence in B \flat
Volmaakte kadens in B \flat

A' 

9





Plagal cadence in g
Plagale kadens in g

Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING	PUNTETOEWYSING		
Vorm en kadenspunte	1 punt per frase x 3		3
Notasie Solfanotasie: ritme- en toonhoogte-aanduidings Balknotasie: polsslae per maat, nootstele, groepering en skuiftekens, aanduiding van sleutel en toonsoortteken	Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte		2
Kwaliteit Toepaslikheid vir instrument of stem (omvang), gebruik van gegewe ritmiese motief, musikaliteit (omvang, kontoer, geïmpliseerde harmonie)	9–10	Uitstekend Samehangend en musikaal; frases definieer vorm verbeeldingryk; aanvangsmotief innoverend voortgesit; suksesvolle gebruik van tonaliteit; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot die keuse van toonhoogtes en ritme	10
	7–8	Goed Korrek en musikaal; frases dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele tonaliteit; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogtes en ritme akkuraat	
	4–6	Gemiddeld Musikaal nie oortuigend; nie alle frases duidelik; aanvangsmotief nie goed gebruik; tonaliteit onstabiel; melodiese kontoer onder verdenking; keuse van toonhoogtes en ritme verbeeldingloos	
	0–3	Onaanvaarbaar Maak geen musikale sin; frases maak nie sin nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen tonale sin; geen melodiese kontoer; toonhoogtes en ritme onsamehangend	
TOTAAL	Nasieners mag ½ punte gebruik		15

[15]

VRAAG 3**(10 minute)****Beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.**

3.1 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

Antwoord:

(i) (a) (b)

IV I_4^6

7 (c) (d) (ii)

$e:V^7$ $e:i$ $G: ii^{o6}$ I^6

(Z)

13 (e) (f) (iii)

iii ii

18 (iv)

- 3.1.1 Die hooftoonsoort van hierdie uittreksel is G majeur. 'n Modulasie vind binne die eerste agt mate plaas. Noem hierdie nuwe toonsoort.

Antwoord: E mineur

1 punt

(1)

- 3.1.2 Besyfer die akkoorde by (Z) op die partituur en benoem die kadens.

Antwoord:

$V^7 - i$

Volmaakte kadens

Akkoorde = 2 punte

Kadens = 1 punt

Minus ½ punt as 7^{de} weggelaat is

(3)

- 3.1.3 Besyfer die akkoorde by (a) tot (f) op die partituur deur Romeinse syfers te gebruik, bv. iii⁶/iii^b.

Antwoord: Sien partituur

1 punt per akkoord = 6 punte

Minus ½ punt as omkering of 7^{de} weggelaat of foutief is

(6)

- 3.1.4 Lewer kommentaar op die gebruik van die E in maat 18¹.

Antwoord:

- Dit is 'n beklemtoonde bo-wisselnoot.
- Dit versier die tonika akkoord as 'n nie-harmonienoot.

Enige EEN

(1)

- 3.1.5 Noteer die volgende nie-harmonienote by (i) en (ii) op die partituur. Gebruik 'n kwartnoot-waarde vir jou antwoord.

Antwoord: Sien partituur

(i) Vooruitneming

(ii) Deurgangsnoot

2 x 1

(2)

- 3.1.6 Benoem die tipe nie-harmonienote by (iii) en (iv).

Antwoord:

(iii) (Bo)-wisselnoot

(iv) Terughouding

2 x 1

(2)

[15]

OF

3.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae.

Antwoord:

The musical score is in 4/4 time and consists of three systems of staves. The first system (measures 1-4) features a melody in the treble clef and a piano accompaniment in the bass clef. Labels (a) Cmaj9, (i), (b) Dm7, and (c) F7 are placed above the melody. The second system (measures 5-8) continues the melody and accompaniment. Labels (ii), (d) Cmaj7, (iii), and (e) C#o7 / C#dim7 are placed above the melody. The third system (measures 9-12) concludes the piece. Labels (f) Am7, (g) Bb7, (iv), (m) C/G, (n) G7, and (Z) are placed above the melody. The score includes various musical notations such as notes, rests, and accidentals.

- 3.2.1 Identifiseer die akkoorde by (a) tot (g). Skryf die akkoordsimbole in die spasies wat daarvoor verskaf is, bokant die notebalke, bv. G/B.

Antwoord: Sien partituur

<p style="text-align: right;"><i>1 punt per akkoord = 7 punte</i></p> <p><i>Minus ½ punt as akkoorduitbreiding weggelaat of foutief is</i></p>
--

(7)

- 3.2.2 Skryf die akkoordsimbole by (m) en (n) en benoem die kadens.

Antwoord:

C/G – G⁷

Onvolmaakte kadens

<p><i>Akkoorde = 2 punte</i></p> <p><i>Kadens = 1 punt</i></p> <p><i>Minus ½ punt as 7^{de} weggelaat is</i></p>
--

(3)

- 3.2.3 Lewer kommentaar op die baslyn in maat 11 tot 12².

Antwoord:

- Dit beweeg in teenoorgestelde rigting tot die melodie.
- Dit skep 'n opgaande baslyn vanaf die tonika na die dominant.
- Dit bevat 'n opwaartse chromatiese beweging vanaf die mediant na die dominant.
- Die herhaalde note verhoog die harmoniese spanning wat na die kadens lei.

<i>Enige EEN</i>

(1)

- 3.2.4 Noteer die volgende nie-harmonienote by (i) en (ii) op die partituur. Gebruik 'n agstenoot-waarde vir jou antwoord.

Antwoord: Sien partituur

(i) Deurgangsnoot

(ii) Bo-wisselnoot

<i>2 x 1</i>

(2)

- 3.2.5 Benoem die tipe nie-harmonienote by (iii) en (iv).

Antwoord:

(iii) Vooruitneming

(iv) Terughouding

<i>2 x 1</i>

(2)

[15]

VRAAG 4**(30 minute)****Beantwoord VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.**

4.1 Voltooi die vokale vierstemmige harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg. Sluit die volgende by jou harmonisering in:

- Kadensiële tweede-omkering- $(\frac{6}{4})$ -progressie
- Deurgangs-tweede-omkering- $(\frac{6}{4})$ -progressie
- Dominantsewende akkoord

Konsep-antwoord:

Chord progression for the first system:

I I⁶ IV ii
V⁷/V V V⁶ [IV⁶/₄ I]

Chord progression for the second system:

I V⁶/₄ I⁶ I
V⁷/ii ii [V⁷] I

Die harmonisasie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING		PUNTETOEWYSING	
Akkoordkeuse		Insluitend die aangeduide akkoorde	15
Notasie en stemvoering		8 minus aantal foute ÷ 4	8
Kwaliteit	6–7	Uitstekende Uitstaande sin vir koraalstyl; gevorderde akkoordkeuse; gebruik van omkerings bewerkstellig uitstekende progressie; kreatiewe baslyn met melodiese kwaliteite; alt en tenoor beweeg meestal trapsgewys; verbeeldingryke gebruik van nie-harmonienote; gladde, akkurate of verbeeldingryke stemvoering	7
	5–5½	Goed Redelike sin vir koraalstyl; akkoordkeuse sluit sekondêre akkoorde en omkerings in; baslyn bevat goeie balans tussen trapsgewyse beweging en aanvaarbare spronge; alt en tenoor speel 'n bindende rol binne 'n beperkte omvang met meestal gladde en korrekte stemvoering	
	3–4½	Gemiddeld 'n Beperkte sin vir koraalstyl; akkoordkeuse meestal grondposisie van primêre akkoorde; baslyn onsamehangend en nie duidelik beplan nie; alt and tenoor toon lukrake beweging; stemvoering lukraak met tipiese foute	
	0–2½	Swak Geen sin vir koraalstyl; onsamehangende akkoordkeuse; stemme is slegs 'ingevul'; geen onderskeibare stemvoering tussen akkoorde nie; onsamehangende of geen baslyn; geen sin vir progressie; substansiële aantal foute; feitlik geen poging om die vraag te beantwoord nie; met akkoorde of slegs note losweg neergeskryf	
Nota aan nasiener: Punt uit 30 mag nie ½ punte bevat nie			(30 ÷ 2)
TOTAAL			15

[15]

Kandidate moet krediet ontvang vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Geen punte word vir die simbole as sodanig toegeken nie.

OF

4.2 Voltooi die agtmaatstuk hieronder deur toepaslike harmoniese materiaal in halfnote by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die openingsakkoord in maat 1 gesuggereer word en gee aandag aan stemvoering. Sluit die volgende in:

- Harmoniese realisering van die gegewe akkoordsimbole
- ii – V – I-progresie in C
- 'n 13^{de}-akkoord by die asterisk (*)

Konsep-antwoord:

Chord symbols: Fmaj⁷ Gm⁷ Am⁷ Bbmaj⁷ Fmaj⁷ Dm⁷ G⁷ C

Roman numeral analysis: ii V I

Chord symbols: Fmaj⁷ F⁷/A Bbmaj⁷ D⁷ Gm⁷ F/A * C¹³ F

Die antwoord sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

BESKRYWING		PUNTETOEWYSING	
Akkoordkeuse	Insluitend die aangeduide akkoorde		15
Notasie en stemvoering	8 minus aantal foute ÷ 4		8
Kwaliteit	6–7	<i>Uitstekend</i> <i>Uitmuntende begrip vir die voorgestelde jazz-styl; gevorderde akkoordkeuse; gebruik van uitgebreide akkoorde en stemvoering (“voicing”) bewerkstellig uitstekende vloei; verbeeldingryke realisering van stemvoering in verhouding tot die melodie</i>	7
	5–5½	<i>Goed</i> <i>Redelike sin vir die voorgestelde jazz-styl; akkoordkeuse sluit uitgebreide akkoorde, sekondêre akkoorde en omkerings in; die gebruik van uitgebreide akkoorde en stemvoering bewerkstellig goeie vloei; aanvaarbare realisering van stemvoering in verhouding tot die melodie</i>	
	3–4½	<i>Gemiddeld</i> <i>‘n Beperkte sin vir die voorgestelde jazz-styl; akkoordkeuse meestal grondposisie van primêre drieklanke; gebruik van akkoorde en stemvoering bewerkstellig aanvaarbare vloei; baie basiese realisering van stemvoering in verhouding tot die melodie</i>	
	0–2½	<i>Swak</i> <i>Geen sin vir die voorgestelde jazz-styl; onsamehangende akkoorde; geen ware progressie en stemvoering; lukrake akkoorde; ‘n substansiële aantal foute; feitlik geen poging om die vraag te beantwoord nie; met akkoorde of slegs note losweg neergeskryf</i>	
Nota aan nasiener: Punt uit of 30 mag nie ½ punte bevat nie			(30 ÷ 2)
TOTAAL			15

[15]

Kandidate moet krediet ontvang vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisasie wat nie in hierdie nasienriglyn vervat is nie. Geen punte word vir die simbole as sodanig toegeken nie.

TOTAAL AFDELING A:**60**

AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS**(90 minute)****Beantwoord AFDELING B, C, D en E in die ANTWOORDEBOEK.**

Nota aan nasiener: een punt word vir elke korrekte feit toegeken. Kandidate moet gekrediteer word vir enige korrekte antwoord wat nie in hierdie nasienriglyn gegee word nie.

AFDELING B: MUSIEKBEDRYF (VERPLIGTEND)**VRAAG 5**

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer, bv. 5.1.5 E.

5.1.1 Intellektuele eiendom (IE) ...

Antwoord: D Al die bogenoemde 1 punt (1)

5.1.2 Inkomste van liedjieskrywers en musiekuitgewers vir CD-verkope of die digitale aflaai van musiek kom hulle toe omdat ... ter sprake is.

Antwoord: B Meganiese regte 1 punt (1)

5.1.3 Watter EEN van die volgende groepe baat by naaldtydregte?

Antwoord: C 'n Opname-kunstenaar, sessiemusikant en opnamemaatskappy 1 punt (1)

5.1.4 Watter EEN van die volgende is NIE 'n voorbeeld van musiekroof NIE?

Antwoord: D Transkribering van 'n soloparty met toestemming van die kopiereg-eienaar 1 punt (1)

$4 \times 1 = 4$

5.2 Voltooi die volgende sinne:

5.2.1 Die tipe maatskappy wat verantwoordelik is vir die bevordering van musiekkomposisies namens liedjieskrywers word 'n ... genoem.

Antwoord: Musiekuitgewer 1 punt (1)

5.2.2 Betalings deur die gebruiker aan die eienaar van 'n werk wat deur kopiereg beskerm word, word ... genoem.

Antwoord: Tantième 1 punt (1)

5.2.3 'n Werk wat nie meer deur kopiereg beskerm word nie, sal in die ... geplaas word.

Antwoord: Openbare/publieke domein 1 punt (1)

$3 \times 1 = 3$

5.3 Waarvoor staan die akroniem SAMRO?

Antwoord: Suider-/Suid-Afrikaanse Musiekregte-Organisasie/
Southern/South African Music Rights Organisation

1 punt

(1)

5.4 Beskryf wat met die *waardeketting* in die musiekbedryf bedoel word.

Antwoord:

- Dit is die pad wat musiek volg vanaf die konseptualisering van 'n idee tot die blootstelling daarvan aan die gebruiker of publiek.
- Komposisie, publikasie, opname, uitvoering, verkope

Enige EEN beskrywing = 2 punte

(2)

TOTAAL AFDELING B: 10

**Beantwoord AFDELING C (IAM)
OF AFDELING D (JAZZ)
OF AFDELING E (WKM) in die ANTWOORDEBOEK.**

AFDELING C: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

VRAAG 6

6.1 Noem die kunstenaar/groep van DRIE van die volgende werke. Skryf die kunstenaar/groep langs die nommer van jou keuse, bv. 6.1.5 Mahlatini.

6.1.1 *Phamba Madiba*

Antwoord: Philip Tabane

1 punt

(1)

6.1.2 *Kuke Kwagijim' Iveni*

Antwoord: Mfaz' Omnyama

1 punt

(1)

6.1.3 *Wena Wedwa*

Antwoord: Thee Legacy

1 punt

(1)

6.1.4 *See You Later*

Antwoord: Lemmy Mabaso

1 punt

(1)

Enige DRIE = 3

6.2 6.2.1 Vergelyk die lofdigte wat in malombo- en maskandamusiek gevind word ten opsigte van tempo en taalgebruik.

Antwoord:

Tempo

- Lofdigte in malombo is gewoonlik teen 'n medium tot vinnige tempo terwyl die lofdigte in maskanda teen 'n vinnige tempo is.

Taal

- Lofdigte in malombo is in Sepedi/Tshivenda terwyl die lofdigte in maskanda in isiZulu is.

Twee ooreenstemmende feite x 2 = 4

(4)

6.2.2 Noem TWEE oorspronge van maskandamusiek.

Antwoord:

- amaZulu volksmusiek/amaZulu blues
- Amahubo (seremoniële lied)
- Izibongo (lofdig)
- Umakhweyana (musiekboog)
- Styl van kitaarspel ("picking" of "strumming")
- Besikikbaarheid van die Westerse kitaar

Enige TWEE

(2)

6.3 Definieer die volgende terme:

Antwoord:

6.3.1 **Krepitasie**

- 'n Vokale effek of klank, bv. 'n uitroep, keelklank ("murmur"), fluister of sug, wat opwinding of instemming aan die uitvoering toevoeg. (1)

6.3.2 **Isihlabo**

- 'n Inleiding wat in maskanda aangetref word. Dit word gewoonlik in 'n vinnige tempo en onreëlmatige tydmaat op kitaar gespeel. (1)

6.3.3 **Umgqashiyo**

- 'n Ander naam vir mbaqanga wat deur Mahlathini en die Mahotella Queens gebruik is. (1)

$3 \times 1 = 3$

6.4 Watter houtblaasinstrument word gewoonlik in 'n malombogroep aangetref?

Antwoord: Fluit/dinaka/diphala

Enige EEN

(1)

6.5 Beskryf kortliks die funksie van perkussie in tradisionele genesing.

Antwoord:

- Genesingsereemonies bevat sang en dans wat deur perkussie-instrumente (tromme en beenratels) begelei word.
- Die gebruik van tromme versterk die verbale boodskap.
- Tromme word aangewend om die tradisionele dialekte van die verlede te kommunikeer.
- Die gereelde gebruik van kruisritmes help om 'n staat van vervoering te behou.


Enige DRIE

(3)

6.6 Noem VIER prominente kenmerke wat jy in die musiek van Lemmy Mabaso sal hoor.

Antwoord:

- Solo-penniefluitjie/saksofoon wat teen 'n matige tot "upbeat" tempo speel
- Verskillende melodielyne word saamgeweef
- Melodie word deur improvisasie ontwikkel
- 'n Wiegende, skoffel-agtige ritme en maatslag
- Herhalende ritmepatrone
- Die gebruik van jazz/swing ritmes (nie egalige ritmes nie)



- Begeleiding op kitaar/banjo
- Sikliese akkoordprogressies, bv. I–IV–V–I

Enige VIER

(4)

[20]

VRAAG 7

Bespreek die rol van perkussie in die musiek van Philip Tabane.

Antwoord:

- Die malombo-tromme skep 'n spesifieke stemming (“groove”) en dansritme.
- 'n Sangoma-tromstyl wat op die malombo-tromme gespeel word induseer 'n staat van vervoering gedurende die optrede.
- Die tromme gebruik kreatiewe klankeffekte, bv. wanneer die tromspeler op die kitaar se roep reageer.
- Die stemming van die lied word versterk deur die ritmiese patrone wat deur die tromspeler gespeel word.
- Tromme fokus soms op die meloritmiese timbre wat inpas by die harmonie tussen stem en kitaar.
- 'n Wye verskeidenheid perkussie-instrumente kan gelyktydig deur tot drie spelers bespeel word.
- Perkussie word gebruik om geaksentueerde, gladde en growwe klankteksture te skep, om sodoende verskillende klankbeelde en stemminge in verskillende liedere uit te beeld:
 - Klanke uit die natuur, bv. reën wat nageboots word deur die reënstok, geritsel van blare deur eenvoudige hand- en voetratels.
 - Mensgemaakte klanke, bv. perde wat galop kan deur voetestamp, marakkas en cabasa gemaak word.

<i>Enige VYF</i>

[5]

VRAAG 8

8.1 Identifiseer die lied waaruit die volgende uittreksel kom.

Doh is F

The musical score is for a 4/4 piece. The melody is in F major (one flat). The lyrics are: 'r : m. f | m. r : - | : | : | : | : ||'.

Antwoord: *Melodi Yalla*

(1)

8.2 Beskryf hoe Westerse instrumente die tradisionele instrumente in mbaqanga vervang het.

Antwoord:

- 'n Belangrike instrument wat in mbaqanga gebruik word, is die elektriese kitaar wat die een-snaar boog (umakhweyana) vervang het.
- Tradisionele tromme is vervang deur die baskitaar en tromstel.
- In later jare word die elektriese orrel bygevoeg.
- Die penniefluitjie wat wyd in kwêlamusiek gebruik is, is deur die saksofoon vervang in mbaqanga.
- Die Westerse tromstel word wyd in die musiek van Mahlathini en die Soul Brothers gebruik.
- Die ritmes van die tromstel boots dié van die Afrika-tromme na wanneer dit die indlamu-dans begelei.

Enige VIER

(4)
[5]

VRAAG 9

9.1 Definieer die term *meloritmie*.

Antwoord:

'n Term wat gebruik word om die kombinasie van ritme en toonhoogte te beskryf wat op perkussie-instrumente met hoë en lae tone geskep word, bv. op "talking drum" en djembe. Dit word verkry deur die membraan op verskillende plekke te slaan.

1 punt

(1)

- 9.2 Kies TWEE danse hieronder en noem die relevante kultuur en EEN begeleidingsinstrument vir elk. Skryf die antwoorde langs die vraagnommers (9.2.1 tot 9.2.8) van jou keuse neer.

Antwoord:

	Dans	Kultuur	Instrumente
9.2.1	Tshikona	vhaVenda	<ul style="list-style-type: none"> • Nanga • Ngoma • Thungwa • Murumba
9.2.2	Borankana	baTswana	<ul style="list-style-type: none"> • Phala • Matlawana • Handeklap
9.2.3	Muchongolo	vaTsonga	<ul style="list-style-type: none"> • Xithubu • Fayi • Ncomone • Xitiringo • Xitende • Mohambi • Sang
9.2.4	Mohobelo	baSotho	<ul style="list-style-type: none"> • Sang • Tromme
9.2.5	Isitshikitsha	amaNdebele	<ul style="list-style-type: none"> • Sang • Handeklap • Gefluit
9.2.6	Indlamu	amaZulu	<ul style="list-style-type: none"> • Isithubu • Handeklap
9.2.7	Dinaka	baPedi	Tromseksie <ul style="list-style-type: none"> • Kiba • Kaedišo • Dothopana Riet-/Blaserseksie <ul style="list-style-type: none"> • Phalola • Phalolana • Kgomo • Kgongwana • Sereko • Phetudi • Teledi Blaserseksie <ul style="list-style-type: none"> • Letsie • Phalafala
9.2.8	Sibhaca	amaXhosa	<ul style="list-style-type: none"> • Isithubu • Impempe • Handeklap • Sang

2 x 2

(4)
[5]

VRAAG 10

Maskanda-kitaarspelers is bekend vir hulle tegniese vaardigheid asook vir die feit dat hulle baie kompetend is, selfs al is hulle selde formeel as musici of kitaarspelers opgelei.

Bespreek maskanda kortliks in 'n opstel en verwys na die kitaartegniese en stemmingstelsels wat met hierdie styl van musiek geassosieer word. Noem EEN maskandalied en die kunstenaar wat daarmee geassosieer word.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van die opstel.

Antwoord:**Voorbeeld van 'n inleiding**

Maskanda is 'n ontwikkelende amaZulu musiekstyl waarin die hoof kitaarspeler die groep lei met 'n persoonlike artistieke uitdrukking as deel van die res van die maskandagroep.

Beskrywing

- Die woord maskanda verwys na neo-tradisionele amaZulu instrumentale musiek.
- Maskanda ontstaan uit 'n plattelandse amaZulu musiektradisie wat ontwikkel het uit amahubo (amaZulu tradisionele seremonieë musiek) en amaZulu boogmusiek.

2 punte

Kitaartegniese

- Maskandagroep het 'n akoestiese kitaarspeler wat 'n unieke ritmiese patroon met 'n vingerpluktegniek speel.
- Kitare het gewoonlik staalsnare sodat 'n meer perkussiewe klank geproduseer kan word.
- Ikati (plektrum) mag ook soms gebruik word om die tipiese perkussiewe klank te produseer.
- Die kitaarspeler lei die hele groep en die groep pas aan by sy stemmingstelsel.
- Ukupika/ukunanza en ukuvamba word gebruik:
 - Ukupika dui die pluk van kitaarsnare met die vingers van die regterhand waar die duim amadoda (onderste snare) en die ander vingers (hoofsaaklik die wysvinger) die melodie op die amantombazane (hoë snare) speel.
 - Ukuvamba is die perkussiewe "strumming" van akkoorde met 'n plektrum.

Enige VYF

Stemmingstelsels

- Die maskanda kitaarstyl is opmerklik vir sy spesifieke stemmingstelsel.
- Ware maskanda kitaarspelers is gestel op die beskerming van elk se eiesoortige stemmingstelsel omdat dit 'n belangrike deel vorm van die uitkenning van die groep/kitaarspeler.
- Om 'n kitaar of lied van 'n ander maskanda-kitaarspeler te speel, sal jy eers die instrument moet stem en daarna die "licks" en "riff" fraseringskombinasies waaruit die melodie bestaan moet baasraak.
- isiZulu-styl is die gewone/standaard maskanda stemmingstelsel, en in hierdie styl word die snare op EADGBD gestem.

- Alternatiewe stemmingstelsels word onder maskandi gebruik, bv:
 - Isishameni-styl wat gewoonlik vir die isishameni-dans gebruik word. Hier word die snare DADABD gestem.
 - Isichunu-styl is dieselfde as die isishameni-styl met die snare op DADABD gestem.
 - Isigeyane-styl gebruik die isiZulu-styl, maar sluit ook verskillende ritmefpatrone in.
 - Isimandolini-styl gebruik EBBC[#]F[#]G[#] om die polifoniese klanke van tradisionele instrumente soos die umgubhe (Amazulu boog) na te boots.

Enige DRIE

Lied en kunstenaar

- *Kuke Kwagijim' Iveni* deur Mfaz' Omnyama
- *Umama* deur Inkunz' Emdaka

Enige EEN lied met die ooreenstemmende kunstenaar

Voorbeeld van 'n slot

Die klank van maskanda is nou verbind aan die hoof kitaarspeler omdat hy sy eiesoortige stemmingstelsel en tegnieke gebruik om 'n persoonlike maskandaklank te vestig.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEWYSING	
Beskrywing van maskanda		2
Kitaartegnieke		5
Stemmingstelsels		3
Lied en kunstenaar		2
Logiese aanbieding van feite en struktuur van die opstel	<i>Uitstekend</i> <i>Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel</i>	= 3 punte
	<i>Goed</i> <i>Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel</i>	= 2-2½ punte
	<i>Gemiddeld</i> <i>Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel</i>	= 1½ punte
	<i>Ondergemiddeld</i> <i>Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel</i>	= 1 punt
	<i>Swak</i> <i>Enkele paragraaf, swak poging met die skryf van die opstel</i>	= ½ punt
	<i>Onaanvaarbaar</i> <i>Slegs enkele puntsgewyse feite</i>	= 0 punte
TOTAAL		15

[15]

TOTAAL AFDELING C:
GROOTTOTAAL:

50
120

OF

AFDELING D: JAZZ**VRAAG 11**

- 11.1 Noem die instrument wat deur DRIE van die Suid-Afrikaanse jazz-kunstenaars hieronder bespeel word. Skryf die instrument langs die nommer van jou keuse, bv. 11.1.5 tromstel.

11.1.1 Chris McGregor

Antwoord: Klavier

1 punt

(1)

11.1.2 Feya Faku

Antwoord: Trompet/Flugelhorn

1 punt

(1)

11.1.3 Kippie Moeketsi

Antwoord: Saksofoon

1 punt

(1)

11.1.4 Jonas Gwangwa

Antwoord: Tromboon

1 punt

(1)

Enige DRIE = 3

- 11.2 11.2.1 Vergelyk die inleidings in *Jikelela Emaweni* en *Umjomela*. Verwys na instrumentasie en tempo.

Antwoord:
Instrumentasie

Jikelela Emaweni begin met baskitaar en tromstel met die melodie klarinet, terwyl *Umjomela* met sterk “strumming” op die kitaar begin waarna die baskitaar aansluit.

Tempo

Jikelela Emaweni word in ‘n matige skoffel-agtige tempo gespeel, terwyl *Umjomela* in ‘n lewendige tempo gespeel word.

TWEE ooreenstemmende feite $\times 2 = 4$

(4)

- 11.2.2 Watter titel wat in VRAAG 11.2.1 genoem word, is ‘n instrumentale werk?

Antwoord: *Umjomela*

1 punt

(1)

- 11.3 Definieer die volgende terme:

Antwoord:

11.3.1 **Plaasvervanging**

Die gebruik van ‘n alternatiewe akkoord met ‘n soortgelyke harmoniese funksie, of die gebruik van ‘n alternatiewe harmoniese progressie.

(1)

11.3.2 **'Comping'**

Die akkoorde, ritme en teenmelodieë wat die klavierbord, kitaar of tromstel speel om 'n musikant se solo/melodielyne te ondersteun.

(1)

11.3.3 **Improvisasie**

Musiek wat gedurende 'n voordrag geskep word en gebaseer is op die vorm, melodie, ritme en akkoordprogressie van die werk wat gespeel word.

(1)

11.3.4 **'Scat'-sang**

'n Tipe sang wat gekenmerk word deur geïmproviseerde vokale klanke (onsin-lettergrepe) in die plek van lirieke/woorde.

(1)

$4 \times 1 = 4$

11.4 11.4.1 Noem EEN plaaslike invloed op Miriam Makeba se musiekstyl.

Antwoord:

- Tradisionele liederes van die amaXhosa en amaZulu kultuur.
- Eksplosiewe klik-klanke uit haar moedertaal (isiXhosa).
- Gebruik van a cappella genesings-dreunsange van die sangoma.

Enige EEN

(1)

11.4.2 Noem EEN Europese styl wat Miriam Makeba se musiek beïnvloed het.

Antwoord:

- Engelse ballades
- Portugese fados
- Yiddishe volksmelodieë
- Kontemporêre Europese volksmusiek

Enige EEN

(1)

11.5 Maak 'n lys van DRIE verskille tussen AABA-vorm en 'n 12-maat blues-vorm.

Antwoord:

- In AABA-vorm is daar vier seksies (gewoonlik 8 mate elk). Die eerste seksie (A) word herhaal aan die begin en einde, terwyl daar slegs een seksie (die 12-maat siklus) in 'n 12-maat blues is.
- AABA-vorm het twee kontrasterende idees/temas (A en B), terwyl 'n 12-maat blues nie tot 'n spesifieke aantal beperk word nie.
- AABA-vorm bevat verskillende akkoordprogressies vir A en B, terwyl 'n 12-maat blues 'n vaste progressie vir die 12 mate as geheel het.
- AABA-vorm word in verskeie style gebruik, terwyl 'n 12-maat blues die basis vorm vir alle werke in 'n blues-styl.

Enige DRIE ooreenstemmende verskille

(3)

11.6 Noem DRIE prominente melodiese en/of harmoniese kenmerke van die musiek van Spokes Mashiyane.

Antwoord:

- Melodie word gespeel deur solo penniefluitjie en/of saksofoon
- Verskillende melodielyne word saamgeweef deur twee melodiese instrumente
- Herhalende melodiese patrone word deur improvisasie en versiering ontwikkel
- Melodie word gekenmerk deur meer akkoordnote
- Sikliese akkoord-progressie: I–IV–I⁶₄–V
- Hoofsaaklik primêre akkoorde gebruik: I–IV–V


Enige DRIE

(3)
[20]

VRAAG 12

Bespreek die Afrika-invloede wat Abdullah Ibrahim aangewend het om 'n kenmerkende klavierstyl te vorm.

Antwoord:

- Die ritme van die ghoematom dra by tot die ostinato begeleidingsfiguur in die linkerhand: 
- Invloede van die kwêla skiffel-agtige ritmes kom voor in sommige van sy stukke.
- Kaap-Maleisiese volksliedere wat beïnvloed is deur die ghoemadans verleen lewendigheid aan sy klavierwerke, bv. *Hit and Run*.
- Die gebruik van drie-akkoord harmoniese progressies/siklusse (I–IV–V) wat in kerkgesange en ander musiek aangetref word, bv. mbaqanga (township jive) en *Mannenber* (marabi-progressie) kom voor.
- Styl van dansorkeste (langarm/twostep) is 'n kenmerkende eienskap.
- Die styl-spesifieke gesinkopeerde melodiese styl van marabi-jazz kom voor, bv. in *Soweto*.
- Melodiese nabootsing van die penniefluitjie kom voor.
- Oosterse toonleersisteme (mineurtoonleer met verhoogde 4^e en 7^e en verlaagde 2^e) soos wat dit in *The Pilgrim* gebruik word, is soortgelyk aan die klavierstyl van Noord-Afrika komponiste.
- Gebruik tradisionele musiek van die amaXhosa en inkorporeer elemente van ouer San en Khoi musiek, bv. ossilering tussen die tonika en supertonikadrieklanke.
- Mbira-timbre beïnvloed sy klavierklank in 'n helder perkussiewe klavierstyl.

Enige VYF

[5]

VRAAG 13

Kies EEN beskrywing uit KOLOM B wat by 'n aspek van *Vary-oo-Vum* in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommers (13.1 tot 13.5) neer, bv. 13.6 L.

KOLOM A	KOLOM B
13.1 Styl	A Swing B Bebop/Hard bop/Blues
13.2 Harmonie	C Diatoniese harmonie in inleiding D Chromatiese harmonie in inleiding
13.3 Inleiding	E Gesinkroniseerde ritmiese patrone F Poliritmiese eienskappe
13.4 Blaasinstrumente	G Tromboon, trompet en saksofoon H Tuba, horing en saksofoon
13.5 Ritmeseksie	J Klavier en blaasinstrumente K Klavier, baskitaar en tromstel

Antwoord:

13.1	B
13.2	D
13.3	E
13.4	G
13.5	K

5 x 1

[5]

VRAAG 14

14.1 Noem die kunstenaar/groep wat jy met die uittreksel hieronder assosieer.

Doh is Ab (♩ = 3♩)

| m'. m'. m'. m' | r' : d'. r' | r' . l : - - : . l | r' . r' : r'. r' | d' : t. d' | d' : l . s | m . r : d . s | ||

Antwoord: The Manhattan Brothers

1 punt

(1)

14.2 In watter dekade het die styl/genre in VRAAG 14.1 ontstaan?

Antwoord: 1920's

1 punt

(1)

14.3 Noem DRIE invloede wat hierdie musiekstyl help vorm het.

Antwoord:

- Tiekiedraai (Kaapse volksdans)
- amaXhosa volksliedere
- Vroeë Amerikaanse jazz
- Ragtime
- Blues musiek (12-maat blues)
- Sosiale byeenkomste van die voorstedelike werkersklas Afrika-musikante, bv. stokvel-partytjies

Enige DRIE

(3)

[5]

VRAAG 15

Zim Ngqawana het van sy *Zimphonic Suites* geskryf dat dit oor 'harmonie tussen die antikwiteit (antieke) en moderniteit' gegaan het.

Beskryf die persoonlike styl van Zim Ngqawana se musiek in 'n opstel. Verwys na algemene stylinvloede op sy musiek en sy werk, *eBhofolo*.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van die opstel.

Antwoord:**Voorbeeld van 'n inleiding**

Zim Ngqawana se musiek demonstreer 'n progressiewe benadering tot moderne jazz in die samesmelting van 'n verskeidenheid van kenmerke.

Algemene styl-invloede

- Die filosofiese invloed op Zim Ngqawana was, 'musiek is nie slegs note nie'. Hy het geglo dat elke stuk musiek betekenis het en verbind is aan die mense, plekke en omgewing rondom jou.
- Hy het homself verdiep in soveel musiekstyle en idees as moontlik, en het hierdie diversiteit in sy eie musiek geïnkorporeer:
 - Tradisionele, antieke amaXhosa ritmes en liederes is met sy eie persoonlike interpretasie van jazz vermeng.
 - Abdullah Ibrahim se Afrika melodieë en gebruik van harmonie is aanwesig
 - Harmonie van Westerse kerkmusiek beïnvloed sy spirituele uitset
 - Invloede van Noorweegse volksradisies deur sy samewerking met Noorweegse musikante het neerslag gevind in sy werk.
 - 'n Uiteenlopende reeks musiekstyle word in sy musiek gereflekteer, onder andere bop en hard bop, funk, Indiese musiek, Noord-Afrika/Midde-Oosterse musiek, Westerse klassieke musiek, Latyns-Amerikaanse style, bv. samba en tango.
- Avant-garde benadering tot musiek lei na 'n atonale en vrye styl.
- Hoekige melodiese lyne en onreëlmatige harmoniese ritmes onderskryf 'n moderne en progressiewe benadering tot frasering en gebruik van kadense.
- Sterk beklemtoning van improvisasie

eBhofolo

- Hierdie werk is 'n lied wat handel oor 'Amageza'. Dit is mense in 'n psigiatriese hospitaal in Fort Beaufort.
- Dit begin met 'n 'swinging vamp' in 9/8 voordat die res van die orkes intree.
- Nadat die stemming ('groove') vasgestel is, sing/kantileer Zim Ngqawana en improviseer dan met verwysing na intombe, sy ma se huis en spiritualiteit. Van hier af bou die musiek op na 'n staat van vervoering.
- Die volgende invloede in hierdie werk kom na vore:
 - Dit is gewortel in inheemse Suider-Afrika klanke.
 - Hy gebruik tradisionele amaXhosa musiek, bv. 'n twee-akkoord ostinato wat herinner aan die ugubhu boog, en herhalende ritmes.

- Hy is beïnvloed deur die intlombe of musiekbyeenkoms van isiXhosa sprekende volke waar tradisionele genesers en dorpsmense spirituele geleenthede skep deur liedere te sing wat deur verskeie tradisionele instrumente begelei word.
- Versmelting van Afrika-melodieë met modale jazz
- Amerikaanse jazz 'swing-vamp'-stemming
- Nabootsing van die amaXhosa dansstyl
- Midde-Oosterse vokale sufi-dreunsange in die vokale lyne/deklamerende sang
- Die Afrika mbira timbre dra by tot die perkussiewe klavier-ostinato.
- Progressiewe benadering tot frasering en kadense, om ooreen te stem met internasionale praktyke.
- 'n Avant-garde benadering tot jazz deur die gebruik van 'n kombinasie van klanke soos fietsklokkies en fluitjies.

Voorbeeld van 'n slot

Zim Ngqawana se musiek is 'n versmelting van verskeie globale musiekstyle, oud en nuut, gekombineer met 'n intense persoonlike klank.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEWYSING	
Algemene styl-invloede		6
eBhofolo		6
Logiese aanbieding van feite en struktuur van die opstel	<i>Uitstekend</i> <i>Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel</i>	= 3 punte
	<i>Goed</i> <i>Inleiding, afsluiting en logiese argument in die middeldeel van die opstel</i>	= 2-2½ punte
	<i>Gemiddeld</i> <i>Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel</i>	= 1½ punte
	<i>Ondergemiddeld</i> <i>Geen duidelike Inleiding, afsluiting met 'n swak argument in die middeldeel van die opstel</i>	= 1 punt
	<i>Swak</i> <i>Enkele paragraaf, swak poging tot die skryf van 'n opstel</i>	= ½ punt
	<i>Onaanvaarbaar</i> <i>Slegs enkele puntsgewyse feite</i>	= 0 punte
TOTAAL		15

[15]

TOTAAL AFDELING D: 50
GROOTTOTAAL: 120

OF

AFDELING E: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)**VRAAG 16**

- 16.1 Noem die vorm van DRIE van die werke wat jy bestudeer het. Skryf die vormtipe langs die nommer van jou keuse, bv. 16.1.5 fuga.

16.1.1 *Die Hebrides*

Antwoord: Sonatevorm

1 punt

(1)

16.1.2 Laaste beweging van Beethoven se *Simfonie Nr. 6 in F majeur Op. 68*

Antwoord: Sonate-rondovorm

1 punt

(1)

16.1.3 Ouverture tot *Die Towerfluit*

Antwoord: Sonatevorm (met inleiding)

1 punt

(1)

16.1.4 *Der Vogelfänger bin ich ja*

Antwoord: Strofiese vorm

1 punt

(1)

Enige DRIE = 3

- 16.2 Beskryf TWEE verskille tussen *opera buffa* en *opera seria*.

Antwoord:

Tema

Opera buffa het 'n komiese element teenoor die ernstige element van opera seria.

Stories

Opera buffa se verhale is lighartig en romanties van aard, terwyl opera seria se stories dikwels tragies en heroïes is.

Karakters

Opera buffa bevat komiese karakters wat gewoonlik uit die werkersklas kom, bv. plaas- of huiswerkers. Opera seria se karakters is gewoonlik koninklikes of antieke gode.

Dialoog

Opera buffa bevat dialoog terwyl opera seria geen dialoog bevat nie.

Tydspan

Opera buffa is korter (2 bedrywe) terwyl opera seria langer is (3 bedrywe).

Formaat

Opera buffa se formaat is vryer ten opsigte van resitatief, arias en kore vir elke bedryf terwyl opera seria 'n vasgestelde volgorde en formaat van resitatief, arias en kore vir elke bedryf het.

Aria

Die vorm van die aria in opera buffa word aangepas by die karakter in die verhaal, terwyl opera seria gekenmerk word deur die Da Capo-aria wat die sanger se tegniek vertoon, dikwels ten koste van die verhaal.

Enige TWEE ooreenstemmende feite 2 x 2

(4)

16.3 Noem EEN ander operatipe behalwe dié wat in VRAAG 16.2 genoem is.

Antwoord:

Singspiel, Grand opera, Operette, Opera comique

Enige EEN

(1)

16.4 Verduidelik die volgende terme wat in opera aangetref word: (Let op spelling)

Antwoord:

16.4.1 **Aria**

'n Sololied met orkesbegeleiding

(1)

16.4.2 **Melisma**

Veelvuldige note wat per lettergreep gesing word.

(1)

16.4.3 **Libretto**

Die teks van 'n opera met 'n lys van die karakters/rolle en die woorde wat gesing gaan word, sowel as verhoogaanwysings.

Slegs 'teks/woorde van 'n opera' = ½ punt

(1)

3 x 1 = 3

16.5 Skryf EEN woord of term vir die volgende beskrywings:

16.5.1 Die klawerbordinstrument wat deel was van die Barok-orkes, maar nie van die Klassieke orkes nie

Antwoord: Klawesimbel

1 punt

(1)

16.5.2 'n Nie-transponerende instrument in die koperblaasseksie van 'n standaard Klassieke orkes

Antwoord: Trompet in C/Tromboon

1 punt

(1)

16.5.3 'n Dubbelrietinstrument wat die tenoorsleutel gebruik

Antwoord: Fagot

1 punt

(1)

3 x 1

(3)

16.6 Maak 'n lys van DRIE verskille tussen 'n *kodetta* en 'n *koda*.

Antwoord:

KODETTA	KODA
Kom voor aan die einde van die uiteensetting	Kom voor aan die einde van die heruiteensetting
Eindig in 'n verwante toonsoort	Eindig in die tonika toonsoort
Gewoonlik kort	Kan uitgebrei word om 'n langer seksie te word
Gewoonlik uitgebreide kadens (met geen nuwe materiaal nie)	Kan nuwe materiaal insluit wat verder ontwikkel word voordat dit met 'n uitgebreide kadens eindig

Enige DRIE ooreenstemmende feite

(3)

16.7 Noem DRIE komposisietegnieke wat jy in die musiek van die Mannheim-skool sal hoor.

Antwoord:

Komposisietegnieke

- Mannheim vuurpyl/Vuurpylmotief
- Mannheim sug/Sugmotief
- Mannheim voëls/Solo instrument wat voëls naboots
- Mannheim roller
- Openingsarpeggio's
- Mannheim Generalpause/Algehele pouse
- Mannheim crescendo

Enige DRIE

(3)

[20]

VRAAG 17

- 17.1 Skryf 'n paragraaf waarin jy die virtuose elemente in die aria waaruit die uittreksel hieronder geneem is, beskryf. Verduidelik hoe hierdie elemente by die verhaal van die opera inpas.

**Antwoord:**

- Dit is geskryf vir virtuose solostem (koloratuursopraan) om die dramatiese stemming en die woede van die karakter uit te beeld.
- Die stem styg bokant die tutti (volle) orkes uit om sodoende die wraak en woede oor die prinses se ontvoering in die musiek oor te dra.
- Die vinnige tempo (allegro assai) skep 'n gevoel van aggressie terwyl die Koningin van die Nag beplan om al haar kragte in te span om haar aartsvyand Sarastro te verslaan.
- Skerp en presiese ritmes in die melodie word deur kragtige stryker-tremolo's ondersteun en dit verhoog die spanning in die storielyn.
- Groot spronge in die melodielyn binne 'n baie hoë vokale omvang rek die atmosfeer van woede en die versugting na wraak uit.
- Die tegniese vereistes en hoogs versierde melodie in die hoë register verhoog die koorsagtige atmosfeer.
- Melismas in die melodie sluit dikwels dissonante intervalle in, en dit versinnebeeld die bose voornemens van die karakter.

Element en verduideliking 4 x 1

(4)

- 17.2 Noem die karakter wat die aria genoem in VRAAG 17.1 sing.

Antwoord: Koningin van die Nag

1 punt

(1)

[5]

VRAAG 18

- 18.1 Kies EEN beskrywing uit KOLOM B wat by 'n element in KOLOM A pas ten opsigte van Beethoven se *Simfonie Nr. 6 in F majeur Op. 68*. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (18.1.1 tot 18.1.4), bv. 18.1.5 H.

KOLOM A		KOLOM B	
18.1.1	Eerste beweging	A	Menuet en trio, F mineur
18.1.2	Tweede beweging	B	F majeur, sonatevorm
18.1.3	Vierde beweging	C	Vinnig en lewendig, F mineur
18.1.4	Vyfde beweging	D	Allegretto, tonika-toonsoort
		E	F mineur, sonatevorm
		F	Allegro ma non troppo, F mineur
		G	Verwante toonsoort, stadige beweging

Antwoord:

18.1.1	B
18.1.2	G
18.1.3	C
18.1.4	D

4 x 1	(4)
-------	-----

- 18.2 Hoeveel bewegings het 'n standaard Klassieke simfonie?

Antwoord: Vier

1 punt	(1)
--------	-----

[5]

VRAAG 19

Skryf 'n paragraaf waarin jy die ooreenkomste en verskille tussen die *konserthoofstuk* en die *simfoniese toondig* bespreek.

Antwoord:**Ooreenkomste**

- Beide is enkel-beweging orkeswerke
- Genres uit die Romantiese stylperiode
- Kan geïnspireer word deur 'n gedig, 'n skildery of die natuur
- Beide het beskrywende titels

Verskille**Beskrywende titel en programmatiese inhoud**

- Konsertouverture het 'n vae programmatiese inhoud, terwyl 'n simfoniese toondig spesifieke programmatiese inhoud en 'n program het wat deur die komponis voorgeskryf is.

Vorm

- Konsertouverture is gewoonlik in sonatevorm, terwyl 'n simfoniese toondig in vrye vorm mag wees wat deur die programmatiese inhoud bepaal word.

Tydsduur

- 'n Konsertouverture is korter as 'n simfoniese toondig, wat gewoonlik 'n meer uitgebreide werk is.

Ooreenstemmende verskille $\frac{1}{2} \times 2 = 1$ punt
Minimum EEN verskil en EEN ooreenkoms
5 x 1

[5]**VRAAG 20**

Beethoven gebruik 'n standaard Klassieke orkes in sy *Simfonie Nr. 6 in F majeur Op. 68*.

Skryf 'n opstel waarin jy die vierde en vyfde bewegings van hierdie simfonie beskryf, met spesifieke verwysing na instrumentasie en orkestrasie.

Jy sal krediet ontvang vir die logiese aanbieding van feite en die struktuur van die opstel.

Antwoord:**Voorbeeld van 'n inleiding**

Beethoven gebruik die standaard Klassieke orkes in sy *Simfonie Nr. 6 in F majeur Op. 68*, maar hy voeg instrumente in die vierde en vyfde beweging by om die toonkleur van die orkes uit te brei.

Standaard Klassieke orkesinstrumentasie**Strykers**

'n Gebalanseerde eenheid van eerste en tweede viole, altviole, tjello's en kontrabasse

Houtblasers

'n Paar van elk van fluite, klarinette, hobo's en fagotte

Koperblasers

Twee elk van trompette en Franse horings

Perkussie

Twee timpani

Een punt vir elke instrumentgroep 4 x 1

VIERDE BEWEGING (*Gewitter Sturm/Donderstorm/Storm*)**Instrumentasie/Orkestrasie:**

- Hy voeg 'n piccolo in die vierde beweging by.
- Twee trombone word in die vierde en vyfde bewegings bygevoeg.
- Beethoven skep wend spesifieke instrumente aan vir hul kleur om 'n klankbeeld van die storm te skep.
- *pp* stryker-tremolos kom voor in die brug tussen die derde en vierde beweging skep afwagting.
- Die tjello's en kontrabasse speel kwartole en kwintole.
- Die viole speel staccato agtstenote in die openingseksie.
- *ff* arpeggio's word deur die hoë strykers gespeel en chromatiese baslyne deur die lae strykers.
- Die bykomende twee trombone voeg intensiteit by die stemming.
- Hoë strykers speel opgaande en afgaande chromatiese passasies soos wat die storm toeneem in intensiteit.
- Afgaande arpeggio-figure in die strykers is prominent.
- Die piccolo speel skril, hoë note.
- Kontrabasse speel triofigure teen die einde van die beweging soos wat die storm bedaar.
- Die timpani word gebruik om die donderslae uit te lig eerder as om slegs die basiese harmonie te ondersteun.

Enige VIER

VYFDE BEWEGING (*Hirtengesang: Frohe und dankbare Gefühle nach dem Sturm/Herderslied - Dankbare gevoelens na die Storm*)**Instrumentasie/Orkestrasie:****Die skakel tussen die vierde en vyfde bewegings:**

- Die strykers begin met 'n gesang-agtige tema, waarna die fluit 'n opgaande toonleerpassasie speel.

Vyfde beweging

- Die Franse horings en klarinette speel 'n Alpe-jodeltema wat die vyfde beweging inlei.
- Die lae strykers begelei die openingsjodel met 'n dreunbas.
- Die hoë strykers speel die melodie van die eerste tema en die lae strykers word later bygevoeg.
- Houtblaasinstrumente voeg kleur en kontoer by die melodielyn.
- Houtblasers speel die jodeltema as 'n sekwensiële figuur, gemerk dolce.

Enige VIER

Voorbeeld van 'n slot

Beethoven gebruik die standaard Klassieke orkes en brei die sonoriteit uit deur die gebruik van addisionele instrumente en interessante orkestrasie.

Die opstel sal volgens die kriteria hieronder nagesien word.

KRITERIA	PUNTETOEWYSING	
Standaard Klassieke-orkes- instrumentasie		4
Vierde beweging		4
Vyfde beweging		4
Logiese aanbieding van feite en struktuur van die opstel	<i>Uitstekend</i> <i>Inleiding, afsluiting en stewige argument in die middeldeel van die opstel</i>	= 3 punte
	<i>Goed</i> <i>Inleiding, afsluiting en redelike argument in die middeldeel van die opstel</i>	= 2-2½ punte
	<i>Gemiddeld</i> <i>Inleiding, afsluiting en vae argument in die middeldeel van die opstel</i>	= 1½ punte
	<i>Ondergemiddeld</i> <i>Inleiding, afsluiting en swak argument in die middeldeel van die opstel</i>	= 1 punt
	<i>Swak</i> <i>Enkele paragraaf, swak poging met die skryf van 'n opstel</i>	= ½ punt
	<i>Onaanvaarbaar</i> <i>Slegs enkele puntsgewyse feite</i>	= 0 punte
TOTAAL		15

[15]

TOTAAL AFDELING E: 50
GROOTTOTAAL: 120